**Tema Die vuur steek ons aan die brand**
**Skriflesing Handelinge 1 vers 1-8 en 2 vers 1-13**

Daar kan baie redes wees waarom gemeentes kwyn. Dit kan as gevolg van sekularisasie, immigrasie, biddeloosheid, afwatering van die gesag van die Skrif, onaanpasbaarheid, ensovoorts wees.
Die dieperliggende oorsaak waarom die lig van die kerk al dowwer brand en sy krag en invloed in die wêreld verloor het, is egter as gevolg van ’n geestelike doodsheid en ’n afwesigheid van die werking van die Heilige Gees.

**Hoe lyk Pinkster in Jerusalem?**
Die apostels in Jerusalem wag op gawe wat Vader belowe het. Na hemelvaart het hulle eensgesind volhard in gebed.

Dan word die Heilige Gees uitgestort. Hulle hoor die geluid soos ‘n geweldige stormwind. Hulle het vuur gesien wat in tonge verdeel en op elkeen van hulle gekom het. Die vuurtonge is simbolies, want die eerste ding wat met die apostels gebeur, is dat hulle tonge losgaan. Van die tong lees ons in Jakobus 3 vers 5-6a: “[5]So is die tong ook maar 'n klein liggaamsdeeltjie, en tog het dit groot mag. 'n Klein vuurtjie kan 'n groot bos aan die brand steek. [6]Die tong is ook 'n vuur,… Daarna gaan die skrywer voort om die negatiewe mag van die tong te beskryf. Maar net so kan ‘n Geesvervulde tong ‘n positiewe vuur aan die brand steek en dit is wat hier in Jerusalem gebeur.

Jesus het in Handeling 1 vers 8 belowe: “Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld.”
Eintlik lees ons in die boek Handelinge nie van die Handelinge van die apostels nie. Ons lees in hierdie boek van die Handelinge van die Heilige Gees in en deur die apostels en die uitdra van die evangelie dwarsoor die destydse bekende wêreld in die eerste 30 jaar na Jesus se hemelvaart.

Ons lees in Handelinge 2 vers 4 en 11 hoe die apostels se tonge losraak: “[4]Almal is met die Heilige Gees vervul en hulle het in ander tale begin praat soos die Heilige Gees dit aan hulle gegee het om onder sy leiding te doen.”
“[11]Jode sowel as heidene wat die Joodse geloof aangeneem het, Kretensers en Arabiere – ons hoor hulle in ons eie tale praat oor die groot dinge wat God gedoen het.” Die fokus van hulle getuienis is God en die groot dinge wat Hy gedoen het.
Neem ook kennis van Handelinge 2 vers 13: “Maar party het gespot en gesê: “Hulle is dronk.” Daar gaan altyd mense negatief reageer op ‘n Geesvervulde getuienis. Moet jou nie deur hulle laat afsit nie.

Die eerste persoon wat opstaan en kragtig getuig, is Petrus. Sopas het hy drie maal ontken dat hy Jesus ken (Matteus 26 vers 69-75) en nou getuig hy, onder leiding van die Heilige Gees, onverskrokke.

Na Jesus se kruisiging en opstanding het Sy aanhang onder die massas afgeneem. Op Pinksterdag is daar ‘n byeenkoms van sowat 120 gelowiges in Jerusalem. Die Gees werk nuut en kragtig deur Petrus en 3 000 mense kom tot bekering. Die Heilige Gees het ’n nuwe vlam in die gelowiges aangesteek en hierdie vuur het soos ’n veldbrand versprei.
In Handelinge 4 het die kerk in Jerusalem tot 5 000 lidmate gegroei. Kort daarna kon hulle nie meer van die getal Christene boekhou nie.
Die Heilige Gees het die gelowiges toegerus met ’n nuwe passie en ’n ywer sodat hulle die evangelie na Judea, Samaria en na die uiteindes van die aarde uitgedra het.
Niemand kan hier vuur stop nie! Die kerk het deur die krag van die Heilige Gees gegroei.
In Handelinge 2 vers 47 lees ons dat die Here elke dag mense wat gered word, by die gemeente gevoeg het. Wanneer laas is iemand wat uit die duisternis gered is, by ons gemeente gevoeg?

**Herlewing in Suid-Afrika**
‘n Wonderlike herlewing het meer as 150 jaar gelede in die NG Kerk begin. Dit het begin by Pinksterbidure. In 1840/1850 was die NG Kerk baie bekommerd oor die geestelike verval in Suid-Afrika. In 1852 was daar ‘n ontwaking in Amerika. In 1858 het dit oorgespoel na Brittanje. In April 1860 het meer as 300 afgevaardigdes ’n konferensie oor herlewing op Worcester gehou.
Die eerste groot geestelike ontwaking daarna was op Montagu. Mense het na bidure begin stroom en aparte bidure is meer as een keer per dag gehou vir mans, vroue, seuns en dogters. Party het uitgeroep: “Wat moet ek doen om gered te word?”
In Worcester het baie mense, veral jonges, gelyktydig gebid, geween, uitgeroep en party het flou geword. Ds Andrew Murray het hulle verskeie kere vergeefs tot orde geroep. Groot herlewing onder leiding van die Heilige Gees het uitgebreek en uitgekring.

In die Paarl het Gideon Malherbe, ‘n welgestelde besigheidsman, wingerdboer en skoonseun van die plaaslike dominee, ds van der Lingen, in 1861 by een van ’n aantal gebedsgroepies die idee geopper dat die verskeie biduurgroepe in die tien dae tussen Hemelvaart en Pinksterfees na die Bybelse voorbeeld verenig in gebed. ’n Beriggie is vooraf daaroor in die Kerkbode geplaas en op 9 Mei 1861, 157 jaar terug, het die eerste Pinksterbidure in die NG Kerk begin. Daar was ’n groot skare, maar ds Van der Lingen was nie daar nie, omdat hy onseker was of hulle reg optree. Gou was hy egter oortuig en al hoe meer mense het na bidure gestroom. Die Vrydagaand voor Pinkster het mense mekaar verdring. Baie kon geen sitplek kry nie. Skielik roep party om genade, ander kerm oor hul sonde, terwyl nog ander trane van dankbaarheid stort omdat hulle verlos is. Toe die diens verby was, wou byna niemand uit die kerkgebou weggaan nie.

**Walliese herlewing**
Met die uitbreek van die herlewing in Wallis het daar ’n groot toestroming van mense na die kerk plaasgevind. Mense het in huise, busse, treine en selfs by hulle werk saam gebid. In ’n stadium was daar soveel bekerings dat al die Bybels uitverkoop was. Huwelike is herstel en buite-egtelike geboortes het met 40% afgeneem. Kroeë het gesluit en daar was geen enkele dronkenskapklag op Nuwejaar nie. Die Heilige Gees het kragtig gewerk en mense se harte en ook die hele samelewing is aan die brand gesteek.

**Martin Luther se storie.**
Daar word die mooi storie van Martin Luther, die bekende kerkhervormer, vertel. Op ‘n keer, toe hy baie moedeloos was oor ‘n klomp dinge in die kerk en sy lewe, het hy taamlik neerslagtig geword en heeldag met 'n lang gesig rondgeloop. Sy vrou besluit op 'n stadium dat wat te erg is, te erg is. Sy trek vir haar pikswart rouklere aan en, sonder om 'n woord te sê, gaan sy aan om haar dinge in die huis te doen. Toe Luther haar sien, skrik hy hom boeglam. “Hoekom het jy so aangetrek? Wie is dood?”, het hy haar benoud gevra. Toe sê sy vir hom: “Weet jy dan nie? Jou God is mos dood! Want dit is hoe dit lyk – jy loop heeldag hier rond met jou lang gesig, met jou skouers wat hang, al sugtend – so asof die God van hemel en aarde nie leef nie, maar dood is!”
Hoe leef ons as Geesgevulde kinders van die Here vandag? Kan mense in ons sien dat Jesus leef?

**Ons het die krag van die Gees nodig.**
Die Heilige Gees werk kragtige wanneer mense bid. Kom ons bid dat die Heilige Gees op-nuut in hierdie tyd ons lewens sal aanraak en verander. Kom ons bid dat elke gelowige weer in die krag en in die volheid van die Heilige Gees sal lewe! Kom ons bid opreg en ernstig: “Here, kom doen dit weer vandag! Stuur U U vuur om ons lewens só te verander dat ons die wêreld sal verander.”
**Amen**